


Dagsê al die belangsteleendes in die geskiedenis van ou Pretoria,

Dit word al hoe moeiliker om elke maand 'n brief te skryf. Na drie jaar raak my idees nou op. Hier is nog 'n uittreksel uit die praatjie wat ek November gelewer het.



Is dit nie 'n lieflike foto nie. Dit is geneem vanaf Kerkplein al met Kerkstraat af in 'n oostelike rigting. Links sien ons die winkel van Albert Brodrick. Hy was seker een van die interessantste karakters van ou Pretoria. Alhoewel daar toe nog nie straatnommers was nie gee hy sy adres aan as nommer 1 Kerkplein. Op 'n stadium noem hy dit ook "Snowdon House" maar die naam het nie vasgesteek nie. In die binnehof agter sy winkel was sy kroeg wat hy "The Hole in the Wall" genoem het. Van die straat af kon mens die kroeg bereik deur 'n opening in die ringmuur.

Brodrick het die vermoë gehad om met woorde te speel en sal veral onthou word as digter. Sy verse is gereeld onder veskeie skuilname in koerante gepubliseer en in 1874 word sy eerste digbundel "Fifty Fugitive Fancies in Verse" uitgegee deur Celliers en Rous. Dit is die eerste boek wat in die Transvaal gedruk en uitgegee was.

Hy het ook interessante advertensies in koerante geplaas. So adverteer hy bv. in die Volksstem dat hy 'n besending gekeurde Sardiens uit Genoa ontvang het. Die sardiens is met "Attar of Roses" gekeur en nadat die vis geëet is kan die geurige olie gebruik word om aan die hare te smeer. Dan het die blikkies ook plek vir asse sodat die kinders waentjies daarvan kan maak. Die wiele en asse word voorsien teen 1sjieling 'n stel.

As ons oor die dak van Brodrick se winkel kyk sien ons die dak van die eerste Methodiste Kerk in Pretoria in Andriesstraat. Op hierdie foto is dit net 'n saaltipe geboutjie maar later het die kerk te klein geword en nog 'n vleuel is aangebou.

'n Entjie verder af in die straat, sien ons 'n lang grasdak gebou met die stoep voor. Dit was die Grand International Hotel. Dit is nou nie my idee van 'n Groot Internasionale Hotel nie, maar so het Pretoria in daardie dae daar uitgesien. Die bekende veearts en stigter van Onderstepoort Arnold Theiler begin in September 1891 sy praktyk in Pretoria. Hy is voorlopig in die Grand International Hotel woonagtig en en betaal £12 per maand vir huisvesting 'n kantoor en 'n stal.

Sy indruk van Pretoria is dat dit eerder 'n groot dorp as 'n stad genoem kan word. Die meeste huise is soos villas gebou en lê verskuil agter groen bome sodat die plek na 'n park lyk. Van ver af gesien lyk dit alles baie mooi. Ook besonder mooi is die groot treurwilgers.

Net anderkant die hotel is die winkel van J. De Waal. In Die Volksstem van 1871 lees ons die eerste keer van hom. Daar word 'n lisensie as inwonende handelaar aan hom toegestaan. In Januarie 1874 adverteer hy die "Jongste en Kleinste winkel in Pretoria. J. de Waal – De Oude vriend der Boeren het van Europa teruggekeer met 'n verskeidenheid goedere deur homself uitgesoek. Frans en Duitse Handelsware."

Hy is een wat weet hoe om te adverteer. In Februarie 1874 is daar 'n beriggie in die koerant dat daar geen vuurhoutjies of Lucifers soos dit ook genoem was in Pretoria te kry is nie. Nie 'n enkele dosie nie. Dit is kostelik geskryf – "Vroulief is uit haar humeur omdat die kok nie die vuur aan die gang kan kry nie, manlief is knorrig omdat hy so lank moet wag vir iets te ete en te drinke, en O Toch! Die arme rokers! Dit is verbasend om te sien tot welke middele die mense hul wend om die geurige kruid aan die brand te kry". Kort daarna adverteer De Waal dat hy nou 'n besending vuurhoutjies ontvang het.

As ons in die straat afkyk sien ons 'n ry hoë bome. Dit is waar die Apiesrivier verby loop. Dit was eers deel van A.F. de Toit se plaas Arcadia en hy het sy huis daar naby die rivier gebou. Later het S.J. Meintjes die deel langs die rivier by hom gekoop en in die huis ingetrek. Meintjes het ook 'n meule daar opgerig. Die drif waar die water oor die pad geloop het was eers bekend as Meintjesdrif of Leeudrif. Daar naby was 'n waterpoel waar die seuns van Meester Louis se kosskool gaan swem het en hulle het dit Meintjes se gat genoem.

Op een van die winkels oorkant die straat staan geskryf Apotheek. In 1889 was dit Esselen se Apteek. Baie dokters het hul spreekkamers in 'n apteek gehad. Knobel adverteer in De Volksstem dat hy verhuis na Schoemanstraat en dat sy konsultasiekamer in Esselsn se Apteek sal wees.

Die winkel op die suid oostelike hoek van Kerkplein is in Mei 1874 voltooi. Hier is dit Field & Nephew maar later word dit Field & Hoffman.

In daardie dae was daar geen gemeenskapsaal in Pretoria nie. Soms is toestemming verleen om byeenkomste in die Volksraadsaal te hou. So was daar byvoorbeeld 'n uitstalling van fotos en goudklonte van die goudvelde en die Literêre Vereeniging het soms hul lesings daar aangebied. Vir gewone vermaak is die skoolkamer gebruik. Daar is verskeie musiekaande, konserte en toneelopvoerings gehou. Die dames van Pretoria was hard aan die werk om geld in te samel om 'n gemeenskap- of stadsaal te bou.

Toe die winkel van Fild & Nephew klaar gebou is het die inwoners van Pretoria hul kans waargeneem en dit feestelik ingewy en eers 'n hele paar dae lank gebruik voordat Field met sy besigheid kon begin. De Volkstem van 9 Mei 1874 berig "verlede Vrydagaand het die Heer Lys en en sy vrou 'n uitmuntende bal in die nuwe pakhuis van die Heer Field gehou. Die pakhuis was fraai versierd met vlae en groenigheid. Die mense het gedans tot vroeg die Saterdag oggend".

Saterdag middag was daar 'n kinderbal gehou. Dit was 'n ander naam vir 'n kinderpartytjie. Die Maandagaand het die Biskop van Zululand 'n lesing gehou oor die aardkors. Later die aand was daar 'n musiekuitvoering. Veral die optrede van die Heer Sawyers op 'n Engelse konsertina het groot byval gevind.

Die volgend navraag kom so met 'n draai van Mari Mosterd. Die persoon wat die navorsing doen is Rentia Landman. Is daar miskien iemand wat meer inligting het? Laat weet asseblief.

Subject: Veldponde

Ek is besig om meer inligting oor die storie van die veldponde 1902 Pelgrimsrust, in te win. Die inligting soos wat dit tans in boeke voorkom is nie eintlik korrek nie. Elkeen van die medewerkers met die veldponde, het 'n baie kenmerkende medalje gekry wat uit drie saamgestelde veldponde bestaan.

Kan iemand my op die spoor van die volgende mense se nageslag bring?
a.. Dick GRAHAM - hy het voor die oorlog by die smeltery op een van die goudmyn in Lydenburg gewerk.

b.. Michael Joseph COONEY. Hy was 'n Amerikaanse burger en 'n myningenieur of essaieur by Lydenburg. (Hy het gedurende die oorlog vir Craemer een van die batterye van die myn gegee om dinamiet mee te ontbrand om 'n brug op te blaas).

c.. AGE Pienaar - veldkornet (later voorsitter van die Staatsdiens-kommissie se tenderraad)

d..P Minnaar (sekretaris vd Munt Commissie Te Velde)

e.. WJH Barter (Tessourier vd Commissie)

Groete tot volgende maand.

Rosa Swanepoel